

G. A. Odé Sy Bydrae tot ons Kennis van die Groot Trek

deur
DR. F. J. DU T. SPIES

(*Vervolg*)

VOOR 'n oordeel gevel word oor Odé se geskiedskrywing of sy werk as geskiedskrywer, moet eers vasgestel word wat sy opdrag was. Volgens sy aanstellingsbrief is hy slegs aangestel as „geschiedschrijver voor de Zuid Afrikaansche Republiek”. Niks meer nie. Wat hy moes skryf is nie gestipuleer nie. Daar is wel sprake van „50% van de opbrengst van den door hem te schrijven boeken”,⁽¹⁾ wat hy as sy deel mag beskou. Maar wat vir boeke dit sou wees, word nie gemeld nie.

Uit Mansvelt se memorandum blyk egter dat van die „geschiedschrijver” 'n geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek verwag word met as eerste taak die optekening van mondelinge gegewens. So het Odé dit self ook opgeneem. Of daar wel die „stilzwijgende voorwaarde” was om „den hem opgedragen taak in ongeveer twee jaar te voltooien”, is nie uit te maak nie. Daar was dus blykbaar net mondelinge opdragte en 'n mondelinge ooreenkoms oor wat Odé moes doen.

Dit is egter duidelik dat Odé nie in twyfel was oor wat van hom verwag is nie, nl. 'n Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hy het dadelik begin stof insamel. Dat hy sowel as Mansvelt die Groot Trek as deel van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek beskou het, is duidelik; vandaar die inwin van mondelinge gegewens van nog lewende Voortrekkers. Hieroor egter later.

Nie alleen die Groot Trek nie, maar ook die voorgeskiedenis van die blanke ras in die Kaapkolonie beskou hy as deel of as noodsaaklike inleiding tot die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hiervoor moes hy die bronne elders soek. Dat dit in die begin maar aarselend en onseker en sonder voldoende kennis geskied, is duidelik. Nietemin doen hy sy bes.

Aanvanklik wou hy met 1815 begin om die oorsake van die Groot Trek na te gaan. Maar blykbaar het Leibbrandt, die Kaapse argivaris, hom ooreed om sy aanvangsdatum verder terug te skuif.

Kort na sy aanstelling skryf hy aan Leibbrandt en versoek opgawe van werke wat hom kan inlig oor die maatskaplike toestande in die Kaapkolonie van 1815 tot 1834, om sodoende die motiewe van die Groot Trek te bepaal. Hy skryf dat hy wel die werk van Theal gelees het, maar (en hier is dit interessant om sy oordeel oor Theal te verneem) hy is van mening „dat zijn (Theal se) opvatting van geschiedschrijven hem er niet toe heeft kunnen leiden, hoofstukken te schrijven die een beknopt en zaakrijk overzicht geven van den maatschappelyken toestand der kolonie in haar geheel en van de gronden waaruit deze voortsproot”.⁽²⁾ Hy vind Theal se werk ook „te veel

(1) Ztpd 5/375, 2950, p. 507: Aanstellingsbrief, 13/1/94.

(2) Ibid.: Spesiale pleidooi, 16/8/95.



beredeneerd chronologisch”, „t Is waar”, laat hy dan daarop volg, „in abstracto is geschiedenis niets anders dan de vermelding der feiten zooals deze zich voordeden, doch het aantoonen van het logisch verband, dat er tusschen dezen vaak onderling bestaat, mag m.i. niet achterwege blijven”.⁽³⁾

Hierdie uitlating en hierdie kritiek op Theal toon dat dit by Odé nie aan besinning oor die geskiedenis ontbreek het nie.

Ongelukkig het Odé se inkomende korrespondensie nie bewaar gebly nie. Ons weet dus nie wat Leibbrandt hierop geantwoord het nie. Uit Odé se volgende brief aan die Kaapse argivaris blyk dit egter dat Leibbrandt die periode 1815-1834 nie voldoende gevind het om die agtergrond van die Transvaalse Republiek te wete te kom nie. Hy het hom blykbaar aangeraai om eers vertrouwd te raak met die bestuur van die V.O.C. aan die Kaap om voldoende „de vorming van de voortrekkers te kunnen verklaren”. Odé stem hiermee saam. En nou vra hy dat Leibbrandt hom boeke oor die onderwerp aanbeveel. Bestaan daar geen monografieë of artikels nie? Hy sal ook graag 'n werk wil hê wat met 'n reeks jaartalle kronologies die gebeure van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aangee, want „t komt mij . . . voor, dat den menschen die ik over 't verleden sprak, wel de feiten min of meer getrouw weten mede te deelen, doch maar weinig begrip hebben van de data en jaartallen, aan deze verbonden”. Hy herinner hom slegs 'n werkie van Noble van die aard.⁽⁴⁾

Hoeveel voorligting Leibbrandt aan Odé verskaf het, is moeilik om vas te stel. In sy verslag aan die onderwysdepartement (die een wat nie aangeneem is nie) meld Odé dat hy die volgende werke uit Nederland bestel het: O. van Rees, *Geschiedenis van de Staatshuishoudkunde*; Luzac, *Hollandsch Rijkdom* en G. K. van Hoogendorp, *Verhandelingen over den Oost Indische Handel*. Dit is moontlik dat Leibbrandt dit aanbeveel het, maar 'n mens kan ook aanneem dat Odé voldoende op hoogte van die Nederlandse geskiedenisliteratuur was om self die keuse te doen. Odé meld ook die volgende reisbeskrywings wat hy geraadpleeg het, wat heel waarskynlik op Leibbrandt se aanbeveling geskied het: Stavorinus, Sparrman, Grandpré, Barrow, Thunberg, Bruce, De Jong, M. du Prat. Voeg daarby nog Watermeyer en Van Riebeeck se Dagverhaal.⁽⁵⁾ Onder Odé se stukke is daar ook 'n brief waarin hy van die firma Juta en Kie. „De geschiedenis van ons land door het Genootschap van Ware Afrikaanders”, die „Vijf lesingen over de emigratie der Hollandsche Boeren” van Cloete en Stuart se „De Hollandsche Afrikanen” bestel en ook vra om enige ander werke „in boek of pamfletvorm” wat mag bestaan.⁽⁶⁾

In die verband is ook interessant 'n brief wat hy aan mev. Koopmans de Wet skrywe. Hoewel hy haar nie ken nie, lui die brief, het hy tog so veel van haar gesindheid tot en belangstelling vir die „Hollandsche Element in Z.A.” gehoor dat hy die vrymoedigheid het om aan haar te skrywe. Hy verneem dat sy „tot de aanwijzing van menig nuttig boek voor mijn doel in staat zijt” en dat ook haar privaatbiblioteek tot die beste in Kaapstad gereken word.⁽⁷⁾ As daar 'n antwoord op die brief was, dan berus dit nie meer onder die Odé-stukke nie.

(3) SS 4059, p. 85: Odé aan Leibbrandt, 5/1/94.

(4) Ibid., p. 100: Odé aan Leibbrandt, 19/2/94.

(5) R 8184/93, p. 104: Jaarverslag, 25/3/55.

(6) SS 4059, p. 95: Odé aan Juta en Kie, 17/1/94.

(7) Ibid., p. 97: Odé aan mev. Koopmans de Wet, 23/1/94.

Blykbaar het Odé nooit so ver as argiefnavorsing gekom nie. Hy was wel van plan om in die Kaapse Argief te gaan navorsing doen. Aan dr. J. W. G. van Oordt, nog 'n persoon van wie hy kort na sy aanstelling om hulp vra, skryf hy dat hy hoop om hom eendag te besoek as hy so ver is dat hy in die Kaapse Argief moet gaan werk.⁽⁸⁾ Ook aan Theal skryf hy in Augustus 1894 dat hy sy voorgenome besoek aan die Kaapse Argief tot die middel van die volgende jaar moet uitstel.⁽⁹⁾ Maar teen daardie tyd was hy reeds ontslaan. Wel het Leibbrandt enkele stukke uit dokumente laat afskryf en aan Odé gestuur.⁽¹⁰⁾

Die vraag kan nou gestel word wat Odé dan ten slotte geskryf het. Volgens sy verslag was dit die „eerste stuk van de geschiedenis der Kolonie wat reeds persklaar en ter Staatsdrukker bezorgd” was. Dit het weens die ongenoeë van die kant van Mansvelt en Leyds oor sy optrede natuurlik nooit in druk verskyn nie. Dit berus tans in die Staatsargief, Pretoria, nog in handskrifvorm, twee kopieë daarvan. Dit dra die naam van „Beknopt overzicht van 't bestuur der Oost Indische Compagnie over de Kaap de Goede Hoop”.⁽¹¹⁾

Dis hier miskien nodig om hierdie fragment van sy beoogde werk nader te ondersoek. Of sy owerhede, Mansvelt of Leyds, ooit hierdie eerste deel van sy werk gelees het, is onseker, miskien selfs twyfelagtig. Hierdie twee was teen die tyd toe Odé sy stukke moes uitlewer moontlik al so vies vir hom dat hulle niks van hom sou gelees het nie. In sy ontslagbrief word niks van die geskrewe gedeelte geryp nie; dit word nie goed- of afgekeur nie. Altans hy word nie ontslaan omdat sy geskiedenis nie aan die vereistes voldoen het nie. Daar word slegs verwys na die geringe omvang van sy gelewerde werk.

Die „Beknopt Overzicht” bestaan uit vyf hoofstukke. Hoofstuk I gaan oor „Het ontstaan der Verenigde Oost-Indische Compagnie”. Dit maak selfs vandag nog 'n goeie indruk. Veral word die verband tussen die groei van die Nederlandse handel en die tagtigjarige stryd teen Spanje duidelik onder die aandag gebring. Hy maak, volgens sy voetnote, gebruik van verskillende Nederlandse geskiedeniswerke: R. Fruin, *Tien jaren uit de Tachtigjarigen Oorlog*; Jan Wagenaar, *Nederlandsche Historie*, 'n baie ou, een-en-twintigdelige werk wat teen die middel van die vorige eeu verskyn het; Groen van Prinsterer, *Handboek der geschiedenis van het Vaderland*; O. van Rees se reeds genoemde werk; verder die skrywers J. A. Wijnne, G. J. Dozy, Busken Huet en nog 'n paar ander.

Hoofstuk II: „Wat de vestiging der Hollanders aan de Kaap . . . voorafging”, behandel die tentatiewe besoeke aan Tafelbaai deur verskillende nasies en dan die „Remonstrantie” van Jansz. en Proot.

Daarop volg in die agtereenvolgende drie hoofstukke die periode van Jan van Riebeeck, 1652 — 1662; die tydperk 1662 — 1679 en die regeringstyd van Simon van der Stel. Die behandeling is dus, soos hieruit blyk, taamlik kronologies, hoewel die laaste hoofstuk tog ook onderdele soos oor die Hugenote, die ontdekking van die binneland, ens. bevat.

Odé gee alleen in sy eerste hoofstuk rekenskap van die herkoms van sy gegewens. Later ontbreek die voetnote, op enkele uitsonderings na, vrywel

(8) Ibid., p. 90: Odé aan Van Oordt, 11/1/94.

(9) Ibid., p. 105: Odé aan Theal, 20/8/94.

(10) Ibid., p. 108: Odé aan Leibbrandt, 28/8/94.

(11) Te vind in SS 4060, SS 4061 en SS 4062.

heeltemal. In 'n brief aan Theal erken hy dat hierdie skrywer se werk sy hoofbron was. 'n Slaafse navolging of beknopte opsomming van Theal is dit egter nie. Wat die periode van Van Riebeeck betref, lyk dit of hy die Dagverhaal baie gebruik het.

Om nou 'n oordeel te vel: dit lyk my jammer dat Odé nie toegelaat is om sy werk te voltooi nie. Dit sou beslis 'n bydrae van betekenis in dié tyd gewees het. Veral die Nederlandse agtergrond, die Hollandse gesigshoek van waaruit die volksplanting aan die Kaap gesien is, is 'n siening wat teen dié tyd nog grotendeels in Suid-Afrika ontbreek het.

Hoe die werk ook al beoordeel word, agteraf gesien, lê die betekenis van Odé se werksaamhede hoofsaaklik in die gegewens wat hy vir sy geskiedenis van die Groot Trek ingesamel het.

Behalwe die mondelinge oorlewering wat hy opgeteken het, wil dit voorkom asof Odé ook skriftelike bronne, dokumente en briewe, van verskillende persone gekry het. Presies wat hy gekry het, is nie uit te maak nie.

In sy meeraangehaalde verslag deel hy as naskrif mee „dat ik van enkele voortrekkers en ook van geachte regeeringspersone belangrijke oude dokumenten in bruikleen ontving, en dat mij, nu reeds meerdere zijn toegezegd, bij gelegenheid van mijn derde reis, die op handen is”.⁽¹²⁾ Welke stukke dit hier geld, het ek nie kon naspoor nie. Daar is niks hiervan onder die Odé-stukke aan te tref nie.

Teenoor Theal is hy meer definitief in 'n brief van 20 Augustus 1894. Dis 'n beleefde, eerste brief ter kennismaking. Hy vra verlof om af en toe probleme wat hy in sy navorsing mag teenkom aan Theal te stel. Van sy kant sal dit hom aangenaam wees om die Kaapse historikus van diens te wees. En dan vervolg hy: „Ik ben reeds in 't bezit van enkele oude stukken uit verschillende familiën. Zoo o.a. gaf de heer Lucas Meijer, ex president van de vroegere Republiek Vrijheid, mij alles wat op 't ontstaan en bestaan van dien kleinen staat betrekking heeft. De heer van Staden, lid van den Eerste Volksraad bezorgde mij de onderhandelingen met Dinizulu over den afstand van grond aan de Boeren. Van den heer Stefanus Erasmus ontving ik een veertigtal ambts- en familiebrieven tussen de jaren 1838 — 1842. De heer Schalk Burger stond mij eenige belangrijke papieren af van van Z.E's grootvader, wijlen Jacobus Burger, handelende over de eerste dagen van Pieter-Maritzburg en Ohrigstad. Ook ben ik in 't bezit van het origineele dagboek van Louis Trichard”.⁽¹³⁾

Van al hierdie stukke kan alleen die dagboek van Louis Trichardt vandag aangewys word. Dit is natuurlik nie deur Odé opgespoor nie, iets wat hy trouens ook nie beweer het nie. Die Dagboek was destyds onder die sorg van die Staatsbiblioteek.

Van die ander stukke wat hy opnoem, is niks met sekerheid vas te stel nie. Kan dit wees dat Odé hier op moontlike vangste vooruitgeloop het en teenoor Theal grootgepraat het, soos van een hengelaar teenoor 'n ander verwag kan word? Die geval Lucas Meyer laat dit wel vermoed. Uit 'n brief wat hy op 6 Desember 1894, etlike maande na die aangehaalde brief aan Theal, aan Lucas Meyer skryf, kan mens nie anders as tot die gevolgtrekking kom dat hy toe nog geen dokumente van Lucas Meyer ontvang het nie. Hy herinner

(12) Sien noot 5.

(13) Sien noot 9.

die eertydse president van die Republiek Vryheid daaraan dat hy hom meermale in Pretoria gespreek het oor die geskiedenis van die land „en deed ik een beroep op U Ed. als voormalig President van de Republiek Vrijheid om mij op de hoogte te willen houden van haar verleden”. Hulp is toe belowe. „Tans is de tijd daar waarin ik veel van Uwe kennis van Land en Volk . . . zou kunnen profiteeren . . . ” Hy sal hom graag besoek as hy weer op reis gaan. Hy vra adresse van Voortrekkers uit sy distrik van wie hy mondelinge en skriftelike gegewens kan kry. Geen woord van iets wat hy alreeds van Lucas Meyer sou ontvang het nie.⁽¹⁴⁾

Wat die posisie met die ander stukke was, is nog moeiliker om te bepaal. „De heer van Staden” was waarskynlik J. F. van Staden, vroeër ’n verteenwoordigende figuur in die onderhandelinge met Dinizulu.⁽¹⁵⁾ „Den heer Stefanus Erasmus” was waarskynlik S. P. Erasmus, volksraadslid vir die distrik Pretoria, ’n moontlike nasaat van ’n ander S. P. Erasmus, bekende volksraadslid van die Natalse Republiek. Dit is bekend dat Odé deur middel van Schalk Burger in aanraking gekom het met die se oud-oom S. W. Burger, van wie hy belangwekkende herinneringe opgeteken het, maar dat hy ooit van dié kant dokumente ontvang het word hier nie gemeld nie. Indien Odé wel van die drie persone enige dokumente ontvang het, dan is dit moontlik dat dit aan die sorg van die Staatsbiblioteek toevertrou was, net soos die Dagboek van Louis Trichardt, en dat dit dus nie later saam met die ander stukke van Odé op aanvraag aan die regering uitgelewer is nie. Die stukke het of verlore geraak of dit is nooit aan hom gegee nie. In elk geval kan mens die veronderstelling waag dat die dokumente wel bestaan het en indien dit nie aan Odé oorhandig is nie, dat die onderskeie persone hom wel daarvan vertel het. Dit is ook moontlik dat die stukke ewentueel tog later in die staatsargief tereg gekom het en by ander groepe geplaas is. Soos bekend is die argief van die Republiek Vryheid wel na die Staatsargief in Pretoria oorgeplaas⁽¹⁶⁾ Of die bewuste stukke daaronder is, is nie uit te maak nie. Dat dit hier in al drie gevalle uiters belangrike bronne kon gegeld het, is egter duidelik.

Uit die gebrekkige inventaris van die stukke van Odé wat hy op bevel aan die Onderwysdepartement moes uitlewer, is ook nie uit te maak of genoemde stukke wel daaronder was nie. Dit lui in sy geheel as volg:

„(a) 1 Ingebonden boek handschrift blse. 1-185.

(b) 1 Ingebonden dito. handschrift blse. 186-235.

(c) 3 Gebonden boeken, cahievorm, met handschrift van de verschillende trekken der voornaamste voortrekkers.

(d) 1 Cahier handschrift en aantekeningen grondlijnen van de verschillende trekken der voornaamste voortrekkers.

(e) Cahier met handschrift voor een tijdtafel.

(f) 1 Brieven kopie boek.

(g) 6 Pakjes losse bladen ongenummerd.

(h) 1 Pakje losse bladen met aantekeningen uit het dagboek van L. Trichardt.

(j) 1 Pakje losse bladen (14) over W. A. v. d. Stel”.⁽¹⁷⁾

(14) SS 4059, p. 88: Odé aan Lucas Meyer, 6/12/94.

(15) Vgl. J. P. Bignaut, Die ontstaan en ontwikkeling van die Nieuwe Republiek, 1884 — 1888, M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1941, p. 25 e.v.

(16) Vir inventaris hiervan sien P. L. A. Goldman, Transvaalse Argief, Beredeneerde inventarissen van die oudste Archiefgroepen der Z.A.R., Pretoria, 1923, p. 106 e.v.

(17) R 8184/93: Inventaris, enz. ingezonden door G. A. Odé, 3/5/95.

Die stukke soos dit tans bewaar word, is ingeplak en ingebind en dit is dus moeilik om te sê of daar van wat hier in die inventaris aangegee is, ontbreek. Alles wat „ingebonde” was, is uitmekaar gemaak, ook die „cahiers” en die „brievens kopie boek”. Alles wat in „pakjes” was, is natuurlik nie meer in „pakjes” nie. Al wat met sekerheid gesê kan word, is dat die stukke oor W. A. van der Stel nie terug te vind is nie.

Maar nou die belangrikste prestasie van Odé: sy opteken van Voortrekkerherinneringe. Soos reeds aangetoon, was dit veral Mansvelt wat hierop aangedring het. Onderstaatssekretaris Van Boeschoten het in Januarie 1894 'n lys van Voortrekkers aan hom verskaf, en deur korrespondensie met enkele ander persone, o.a. met Jansen, landdroos van Lydenburg, en soos reeds gesien, met Lucas Meyer, het hy nog meer adresse van Voortrekkers probeer bekom.

Hy het twee reise onderneem. Die eerste begin op 21 Maart 1894, duur 51 dae, gaan deur die distrikte Middelburg, Lydenburg en Standerton en sestien Voortrekkers is besoek. By vier van hulle het hy meer as een dag oorgebly. Die tweede reis begin op 21 November, duur 40 dae, gaan deur die distrikte Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Utrecht en Vryheid en twintig Voortrekkers is besoek. Hy maak gewag van die besondere hulp van landdroste en ander amptenare tydens die reise. „En zij, de voortrekkers, die ik bezocht, zij toonde mij allen hoe hartgrondig zij ingenomen waren met het besluit van de H. Ed. Regeering, om de wonderbare leidingen Gods met dit volk aan de vergeetelheid te ontrukken”.⁽¹⁸⁾

In geheel het Odé dus 36 Voortrekkers ondervra, wat natuurlik nie beteken dat hy van almal iets opgeteken het nie. Daar bestaan trouens net 24 herinneringe wat opgeteken is. Hiervan het Preller nege gepubliseer; een in *Voortrekkermense I* (1918), een in *Voortrekkermense II* (1920), vier in *Voortrekkermense III* (1922) en drie in *Voortrekkermense IV* (1925). Al die herinneringe is in Odé se eie handskrif opgestel, met die uitsondering van 'n gedeelte van die van I. J. Breytenbach wat deur E. Binnendyk afgeskryf is en met 'n begeleidende brief aan Odé gestuur is.

Preller meen die volgende werkwyse by Odé te kan vasstel, nl. „om in klad op te skryf wat hom deur die aangewese Voortrekkers meegedeel werd, dit vervolgens in net uit te werk, voor te lees aan sijn deponent, te vergelyk met ander aan hom bekende gegéwens, en weer oor te skryf. Op dié wijze vind mens onder die stukke . . . dokumente in verskillende stadia van volmaking”.⁽¹⁹⁾ Dit stem min of meer ooreen met die weinige wat Odé self oor sy metode van werk meegedeel het. Hy beweer slegs dat hy die herinneringe van die tweede reis met die van sy eerste vergelyk het. En dan: „Om de scherpte van mijn voorstelling te bewaren, werkte ik thuishkomende mijn aantekeningen breder uit”.⁽²⁰⁾

Die dokumente soos dit tans bestaan, is sommige in potlood en sommige in ink opgestel, sommige is wel netjieser as ander. Maar daar bestaan geen duplikate, waarvan die een 'n afskrif van die ander kon gewees het nie. Wat die teruglees van die stukke aan die deponente betref, dit lyk moontlik as mens na die kanttekening kyk wat nogal dikwels voorkom. So ook die

(18) Sien noot 5.

(19) *Voortrekkermense I*, p. 273.

(20) Sien noot 5.

bewering wat Preller elders maak, nl. dat Odé „die gewoonte gehad (het) om die een se verklaring somar uit die ander s'n aan te vul”.⁽²¹⁾

Hoe ook al, daar moet duidelik begryp word dat Odé steeds die herinneringe opgeteken het met die oog op die boek wat hy moes skryf. Dit het vir hom in die eerste plek daarom gegaan om vir homself 'n helder beeld van die gebeure van die Groot Trek te kry. Vandaar 'n lys van datums oor die periode wat hy aangê het, aantekeninge uit die Dagboek van Louis Trichardt wat hy gemaak het, vraelyste wat opgestel is en sketstekeninge wat hier en daar voorkom. Uit die aard van die herinneringe soos deur hom opgeteken, blyk dit duidelik dat hy dikwels die ou mense spesifieke vrae gestel het oor sekere gedeeltes wat vir homself nie helder was nie. Nooit het hy die gegewens opgeteken om as historiese bron op sigself te staan nie. Dit was nooit vir publikasie bedoel nie.

Terwyl hy besig was om gegewens oor Trichardt in te samel en die interessante verhaal van Karel Trichardt⁽²²⁾ opgeteken het, het hy daaraan gedink om ook van Portugese kant nader inligting te probeer kry. In sy briefkopieë kom daar een voor sonder datum en sonder aanhef, maar blykbaar aan 'n Portugese instansie, moontlik aan die Portugese konsul in Pretoria, gerig waarin hy navraag doen oor moontlike gegewens.⁽²³⁾ Of die brief ooit versend is, en indien wel of daar 'n antwoord was, is nie vas te stel nie. Maar die feit bly dat Odé tog ook aan hierdie moontlikheid gedink het.

Die onvolledigheid en onbetroubaarheid van die herinneringe van ou mense oor gebeurtenisse wat meer as tagtig jaar tevore plaasgevind het — daarvan was Odé terdeë bewus. Na aanleiding van 'n waarskuwing van Theal dat hy nie te veel op mondelinge oorlewering moet staat maak nie, skryf hy: „wat gij mij schreeft, over de waarde van de persoonlijke mededeelingen, beaam ik volkomen. Niets ter wereld heeft mij meer teleurstelling gebaard dan dat. Een ieder vertelt mij, dat hij niets dan de waarheid mededeelt en als ik nu al die waarheden vergelijk met de mededeelingen over 't zelfde feit, door een ander gegeven, dan weet ik onder al die verschillende waarheden den weg niet te vinden”.⁽²⁴⁾

In sy verslag aan Mansvelt is hy egter meer positief: „Staat er reeds veel vast van 't geen mij voor waarheid werd verteld er is nog zooveel waarover de meening en de voorstelling verschilt onder de oude getuigen. Er bestaat evenwel alle hoop, dat de waarheid aan den dag kan worden gebracht, want het is mij, een gelukkige ervaring dat de heldersten en ontwikkeldsten onder de voortrekkers in de voorstelling der zaken meestentijds overeenstemmen”.⁽²⁵⁾

Die versugting dat jy naderhand jou weg nie kan vind tussen al die teenstrydige gegewens nie, word vandag nog geslaak deur seker elke navorsers wat die Odé-stukke wil gebruik. Tog besit ons so weinig gegewens oor die Groot Trek dat ons nie kan bekostig om iets daarvan, hoe foutief en onvolledig ook al, te verontagsaam nie. En almal sal dit eens wees dat ons kennis van die Groot Trek veel armer sou gewees het as dit nie vir die arbeid van Odé was nie. Met die oog hierop is dit miskien wenslik om iets meer van die Odé-

(21) Voortrekkermense IV, p. 77.

(22) Voortrekkermense II, p. 4.

(23) SS 4059, p. 114.

(24) Ibid., p. 110: Odé aan Theal, 4/9/94.

(25) Sien noot 5.

stukke as wat Preller indertyd publiseer het, aan 'n wyer publiek bekend te stel. In 'n volgende uitgawe van *Historia* sal hopelik hiermee begin word.

Na aanleiding van my bewering dat ek nie van die skoolboeke van Odé kon opspoor nie (*Historia*, 4e jrg. nr. 1, p. 46), het prof. J. Chris. Coetzee van Potchefstroom my aandag gevestig op Odé se *De Geschiedenis van Zuid-Afrika in schetsen en verhalen, dl. 1, Pretoria, 1892*. Of deel 2, wat in die voorwoord in vooruitsig gestel is, ooit verskyn het, kon ek nie vasstel nie. Sedertdien het ek ook 'n ander skoolboekie uit die pen van Odé opgespoor: *Aardrijkskunde van Zuid-Afrika, Pretoria, 1891*, waarvan in 1899 'n herdruk verskyn, bewerk deur O. Boersma en N. Tromp.

The Simon van der Stel Foundation

IN the historic Lady Anne Barnard hall of the Castle a gathering of over two hundred people from the far corners of the Union and South-West Africa came together on 8th April, 1959, to found a national organisation for the preservation of our buildings of historical or architectural importance.

After the adoption of the Statutes and Articles of Association, the following Council was elected:

Chairman: Dr. Wm. Nicol, former Administrator of the Transvaal; Vice-chairman: Mr. T. B. Bowker, Member of Parliament and descendant of a well-known family of the British Settlers of 1820; dr. W. E. G. Louw, Afrikaans poet en former professor at Grahamstown; Mr. Justice (Dr.) Servaas Hofmeyr, present chairman of the Monuments Commission of South-West Africa; Dr. R. E. Stevenson of Natal, member of the official commission for the maintenance of war graves; Mr. Jim Fouché, Administrator of the Orange Free State; Professor H. B. Thom, well-known historian, Principal of Stellenbosch University and Chairman of the Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings and Dr. J. E. Holloway, economist and former Ambassador of the Union in the U.S.A. and High Commissioner to the United Kingdom.

The Council has appointed as Acting Director Dr. W. H. J. Punt who has already commenced a Union-wide drive for the trust fund which is the immediate aim of the Foundation. Life membership at a fee of £10 is still open to any member of the public, to local authorities and organisations and provision has been made also for ordinary annual membership.

The address for the time being is as follows: The Acting Director, Simon van der Stel Foundation, Engelenburghuis, Hamilton Street, Pretoria.